



DIE BEHEERLIGGAAM

DIE HOËRSKOOLO PRESIDENT

Tel: 021 591 5181

Faks: 021 591 5183

E-pos: hoof@presidenths.co.za

Die Hoërskool President

Gedragkode

2021

- *Soos vasgestel deur die Beheerliggaam na oorlegpleging met leerders (Raad van Leerders) ouers (Beheerliggaam) en opvoeders asook die Bestuurspan van die skool.*
- *Voldoen aan die bepalings van die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 12 van 1997 en van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996.*

INHOUDSOPGAWE

1. INLEIDING: DOEL EN BELANGRIKHEID VAN GEDRAGSKODE	BLADSY 3
2. WAARDESTELSEL	BLADSY 3
3. ALGEMENE BEGINSELS	BLADSY 3
4. SKOOLREËLS	BLADSY 4
5. ALGEMENE AANVAARBARE GEDRAG BINNE EN BUITE DIE SKOOLGEBOU	BLADSY 4 - 6
6. SPORT- EN KULTURELE AKTIWITEITE	BLADSY 6
7. SKOOLDRAG EN VOORKOMS – ALGEMEEN	BLADSY 7 – 8
8. VOORKOMS - BESONDERE REELS VIR SEUNS	BLADSY 8
9. VOORKOMS - BESONDERE REELS VIR MEISIES	BLADSY 8
10. VOORKOMS – BESONDERE REELS VIR SEUNS EN MEISIES (HARE)	BLADSY 8 - 9
11. GEDRAG VAN LEERDERS	BLADSY 9
12. SKOOLWERK	BLADSY 10
13. OORTREDINGS: DISSIPLINÊRE OPTREDE EN ONDERSTEUNINGSMEGANISMES	BLADSY 10
14. AKKOMODASIE VAN GODSDIENS- EN KULTURELE REGTE	BLADSY 10
15. OORTREDINGSREGLEMENT: BYLAE TOT GEDRAGSKODE	BLADSY 11
16. VLAKKE VAN OORTREDINGS	BLADSY 12 - 14

1. INLEIDING: DOEL EN BELANGRIKHEID VAN GEDRAGSKODE

- Om 'n skoolgemeenskap te help skep
 - wat die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 en die Wes-Kaapse Wet op Skoolonderwysers 1997, sal eerbiedig en
 - waarin die skool se waardestelsel as riglyn dien vir alledaagse optrede
 - waarin die skool se missie ten volle nagestreef sal kan word
 - waarin die skool se karakter in stand gehou kan word.
- Om 'n positiewe gedragkultuur te skep waarbinne suksesvolle onderrig en leer plaasvind.
- Om die burgerlike verantwoordelikhede van die skool te bevorder deur die leerders toe te rus met bekwaamheid, vaardighede en kennis.
- Om as meetinstrument vir regverdige en redelike optrede vir beide leerders en opvoeders te dien.
- Om die regte en veiligheid van alle leerders, opvoeders en ouers te bevorder.
- Om te verseker dat leerders verantwoordelikheid dra vir hul eie aksies en gedrag.
- Om regverdigheid en verdraagsaamheid van diversiteit te bevorder.
- Modelling en regstelling van ontwrigtende en onbeskofte gedrag.

Hierdie gedragkode geld vir alle leerders wat op die skoolgronde is, asook buite die skoolgronde, ten tye wat hulle optree as 'n verteenwoordiger van Hoërskool President, asook ten opsigte van alle skoolfunksies of in enige verbintenis met die skool is. **Geen leerder mag die skool se naam in oneer bring nie.**

Die Suid-Afrikaanse Skolewet beklemtoon dat alle leerders gebind word deur die gedragkode van hulle skool. Die administrasie en uitvoerbaarheid van die gedragkode is die verantwoordelikheid van alle onderwysers, Matriekraad, RVL, beheerliggaam asook die ouers.

2. WAARDESTELSEL

Die doen en late van alle persone betrokke by die skool, word gerig deur die positiewe waardestelsel vervat in die gedragkode.

Die volgende waardes vorm deel van die waardestelsel:

- Respek, trots, eerlikheid
- Verantwoordelikheid, betroubaarheid en selfdissipline
- Omgee, volharding
- Stiptelikheid
- Hoflikheid en behulpsaamheid
- Demokrasie
- Maatskaplike geregtigheid en gelykheid
- Ubuntu (menslikheid teenoor ander)
- Nie-rassisme en nie-sekssisme

3. ALGEMENE BEGINSELS

Gedrag: Daar word van alle leerders verwag om te alle tye beleefd en bedagsaam op te tree teenoor mekaar, personeellede, Matriekraad, RVL en besoekers tot die skool.

Skoolreëls: Leerders moet te alle tye die skoolreëls nakom wanneer leerders die skool verteenwoordig, beide gedurende skoolure en na skoolure. Leerders moet te alle tye trotse Presidenters wees en nooit die skool se naam oneer aandoen nie.

Onderrig en opvoeding: Geen leerder het die reg om 'n ander leerder van onderrigtyd te ontnem deur ontwrigtende gedrag nie. Geen leerder mag 'n ander leerder fisiese of emosionele leed aandoen nie.

Intervensie en gevolge: Die skool sal die ouer/voog kontak as die leerder se gedrag rede tot kommer wek en sal poog om saam met die ouer/voog die probleem op te los. Indien 'n leerder dit onmoontlik maak vir 'n onderwyser om klas te gee en ander leerders se reg tot onderrig ontnem, of 'n gevaar inhou vir die onderwyser en mede-leerders, sal die leerder verwyder word uit die klas en na die "TIME OUT ROOM" geneem word. Onvanpaste gedrag sal gevolge dra soos uiteengesit in die gedragkode van die skool.

4. SKOOLREËLS

Skoolbywoning

- Volgens die Skolewet (1996) moet alle leerders die skool en alle klasse daagliks bywoon.
- Indien 'n leerder nie gereeld skool bywoon nie, moet die betrokke registeronderwyser dit rapporteer aan die Graadvoog. Die Graadvoog moet dit aan die skoolhoof en die ouer/voog rapporteer. Die registeronderwyser moet 'n akkurate register van leerderbywoning byhou en moet alle siekbriewe, mediese sertifikate en enige vorm van kommunikasie aan die Graadvoog oorhandig vir rekordhouding.
- Alle leerders moet teen 07:40 by die skool wees. Leerders wat laat kom vir skool, sal afwesig gemerk word aangesien die registers aan die begin van elke skooldag voltooi word.
- Leerders wat laat by die skool opdaag, teken by die biblioteek in. By aankoms sal 'n laatnota uitgereik word. Die leerder meld dan by sy/haar betrokke registerklas aan waar die nota aan die registeronderwyser getoon word. Indien die registerperiode reeds verby is, meld die leerder by die "TIME-OUT" klas aan voordat enige klasse bygewoon word.
- Laatkom detensie geskied op dieselfde middag direk na skool tot 15:00, Maandae tot Donderdae en tot 14:30 Vrydae.
- Afwesigheid van enige klas, sonder toestemming van die relevante registeronderwyser of klasonderwyser, is verbode.
- Enige afwesigheid van skool moet deur 'n afwesigheidsbrief van die ouer/voog opgevolg word.
- Indien 'n leerder afwesig is vir drie (3) opeenvolgende dae of langer, moet die leerder 'n brief van 'n mediese dokter, tradisionele dokter, geregistreerde kruiedokter of 'n klinieksuster ingee by sy/haar registeronderwyser.
- Indien 'n leerder 'n formele assessering (eksamen/kontroletoeets/ taak) mis moet 'n mediese sertifikaat uitgereik word deur 'n mediese dokter, tradisionele dokter, geregistreerde kruiedokter of 'n klinieksuster en ingelewer word op die eerste dag wat die leerder terug by die skool is.
- Indien ouers in uitsonderlike gevalle 'n leerder uit die skool hou vir dringende privaat sake of enige ander geldige rede, moet 'n reëling vooraf met die Graadvoog getref word.
- Indien 'n leerder gedurende skoolure 'n besering opdoen of siek word, moet dit by die kantoor gerapporteer word. Die Graadvoogde mag toestemming verleen vir sodanige leerders om tydens pouse huis toe te gaan nadat die ouer/voog verwittig is. In 'n noodgeval, mag die noodhulp persoon sy/haar eie diskresie gebruik. Leerders mag slegs huis toe gaan as 'n ouer/voog die leerder by die kantoor uitteken.
- Geen leerder mag die skoolgronde gedurende skoolure sonder toestemming van die skoolhoof, adjunkhoofde of Graadvoogde verlaat nie.
- Geen stokkiesdraai van klasse of enige skool aktiwiteite word toegelaat nie.
- Detensies word op Vrydagmiddae (14:00 - 15:45) en Woensdagmiddae gehou (14:25 – 15:45). Bywoning van detensie is verpligtend. Leerders sal slegs verskoon word van detensie indien 'n siekbriewe of geskrewe brief vroegtydig ingehandig word om sy/haar afwesigheid te verduidelik en die Graadvoog dit goedkeur.
- Wanneer 'n leerder detensie ontduik, sal die leerder slegs weer toegelaat word om klas by te woon indien die leerder se ouer hom/haar vergesel skool toe, op die eerste oggend na die detensiesessie, om te verduidelik waarom die leerder die detensie ontduik het.

5. ALGEMEEN AANVAARDE GEDRAG BINNE EN BUITE DIE SKOOLGEBOU

- Binne die skoolgebou en in die gange STAP die leerders ordelik.
- Leerders moet vinnig en met die kortste roete na hul volgende klasse beweeg tydens klaswisseling. Geen leerder mag tydens klaswisseling kleedkamer toe gaan sonder toestemming nie.
- Slegs op reëndae vertoef die leerders in die onderste gange tydens pouses en voor skool. **Geen leerders word in die boonste gange toegelaat tydens pouse nie.**
- **Voor en na skool of tydens pouses, mag geen leerder sonder onderwysertoesig in die klaskamers of gange wees nie.** Geen leerder mag gedurende klastyd naby die snoepie wees nie.
- **Op mooiweersdae moet die skoolgebou tydens pouses en na skool so gou as moontlik ontruim word.**

- Leerders word slegs tydens klastyd in die gange toegelaat mits hulle in besit is van 'n toestemmingskaartjie. Leerders gaan slegs een op 'n slag kleedkamer toe.
- Die kleedkamers word altyd netjies en sindelik gehou en daar word van alle leerders verwag om goeie higiëne te beoefen wanneer hulle van die kleedkamers gebruik maak.

Die kantore, personeelkamer en gang voor die personeelkamer is buite perke vir leerders.

- Leerders mag nie sonder toestemming die hoofingang gebruik nie.
- Tydens saalbyeenkomste tree ons volgens ons waardestelsel op, word stilte gehandhaaf en die nodige respek betoon.
- Wanneer afkondiginge oor die interkom gedoen word, bly leerders stil en sit en luister aandagtig.

Daar mag nie in lokale of in gange geëet of gedrink word, behalwe gedurende pouse op reëndae, nie. Geen kougom word tydens skoolure gekou nie.

- Daar mag nooit op banke, mure, deure of vensters gekrap (graffiti) of geskryf word nie.
- Die herstelkoste verbonde aan beskadigde skool eiendom, sal van die skuldige verhaal word, byvoorbeeld skade aan deure, vensters, klerehake, skoolbanke, ensovoorts.
- Slegs opvoeders en lede van die Raad van Leerders mag goedgekeurde kennisgewings op die kennisgewingsborde aanbring.
- Selfoon en elektroniese toebehore beleid:

Selfone en ander toestelle wat toegang tot enige sosiale media-webwerf toelaat, word nie by die skool toegelaat nie. Die skool sal dus nie verantwoordelikheid aanvaar of 'n ondersoek loots na die verlies of diefstal van enige toestel wat skool toe gebring word nie. Indien leerders hierdie toestelle skool toe bring, sal dit gekonfiskeer word en vir 'n tydperk van een skooltermyn by die skool gehou word.

Persoonlike laster/ naamskending, teistering of dreigemente van enige persoon betrokke by die skool, of die skool self, op enige sosiale netwerk word as 'n baie ernstige oorteding beskou en word geensins toegelaat nie.

- Leerders mag nie rekenaarspeletjies, iPods, klankversterkers of soortgelyke elektroniese aparate skool toe bring nie.
- Diefstal pleeg of opsetlike beskadiging van leerders of opvoeders se eiendom val buite ons waardesisteem en word dus in 'n ernstige lig gesien.
- Geen leerder word toegelaat om naby die personeel se voertuie te drentel nie, of die saalhek by die P.J. le Roux-saal te gebruik nie, behalwe matrieks tydens eksamentye.
- Balspeletjies mag slegs op die sportvelde gespeel word. Geen krieket, hokkie- of gholfballe word toegelaat nie.
- Rommelstrooi is verbode.
- Motorfiets word gedurende skoolure voor die biblioteek geparkeer en slegs tydens sportoefeninge by die bome langs die Kleinsaal. Daar word net na en van die parkeerplekke gery en nie verder op die terrein nie. Motorfiets word op eie risiko op skoolgronde parkeer en die bestuurder van die motorfiets moet in besit van 'n geldige bestuurslisensie vir 'n motorfiets wees. 'n Afskrif van die lisensie moet by die skoolhoof ingehandig word.
- Leerders mag nie met hul fietse binne die skoolgebou ry nie.
- Fietse word met 'n slot aan 'n fietsrak, slegs in die Kiewietvierkant geketting, op eie risiko tydens skooltyd, sportbyeenkomste of enige ander skoolgeleentheid.
- Fietse word slegs by die ingang by die snoepie ingestoot om in die kiewietvierkant te plaas.
- Rolskaatse en skaatsplanke mag nie in die skoolgebou of op die sportfasiliteite gebring word nie.
- Leerders wat per motor skool toe kom, mag nie op die skoolterrein parkeer nie. Die bestuurder moet in besit wees van 'n wettige bestuurslisensie.
- Geen leerder mag oor die omheining of die hekke klim nie.
- Met die uitsondering van skoolfunksies en skoolaktiwiteite, is die skoolterrein normaalweg na 16:00 en op Sondag, publieke vakansiedae en gedurende skoolvakansies verbode.

- Fisiese geweld, wat teen die wet is, sowel as lasterlike of onweloweglike taalgebruik en afknouery is teenstrydig met ons waardesisteem en is dus onaanvaarbaar en word geensins toegelaat nie.
- Alle gevaarlike voorwerpe wat beserings kan veroorsaak word ten strengste verbied. Klipgooiery word ook ten strengste verbied – so ook die gooi van alle voorwerpe wat beserings kan veroorsaak. "Pepersproei" en skokstokke mag nie op die skoolgrond gebruik word nie.
- Geen pornografie of enige ander afstootlike/onvanpaste leesstof of materiaal word op die terrein toegelaat nie.
- Geen bendebedrywighede word op die terrein toegelaat nie.
- Leerders mag geensins sigarette, e-sigarette, oka pype, alkohol en/of enige ander onwettige middels soos in die SA Skolewet omskryf op die skoolterrein gebruik of selfs in besit wees daarvan nie. (sien Dwelmbeleid) Dieselfde geld wanneer leerders in skooldrag is op enige ander plek. Leerders word ten strengste verbied om handel te dryf op die terrein met onwettige middels.
- Leerders mag geensins in skoolklere rook/drink of hul wangedra nie – hierdie bepaling geld ook buite die skoolterrein – selfs sonder skooldrag in 'n openbare plek.
- Leerders mag nie op die skoolterrein in besit wees van vuurhoutjies, sigaretaanstekers of enige paraferalia nie.
- **Alle dwelmverwante sake kan direk na die SAPD verwys word en leerders wat na 'n tugverhoor van die Beheerliggaam skuldig bevind is, staar moontlike skorsing of uitsetting uit die skool in die gesig.**
- Die skool sal nie verantwoordelik gehou word vir diefstal of beskadiging van persoonlike eiendom van leerders op die skoolgrond nie. (bv. Selfone, boeksakke, boeke, kleredrag, fietse asook motorfietse)
- Fisiese kontak tussen leerders moet te alle tye vermy word. Onvanpaste seksuele gedrag word ten strengste verbied.
- Die skool behou die reg voor om leerders te deursoek en te toets vir onwettige middels.

6. SPORT- EN KULTUUR AKTIWITEITE

- Om ons leerders as 'n geheel te ontwikkel, is deelname aan 'n winter- en somersport of kulturele aktiwiteit (verkieslik albei) 'n vereiste.
- Leerders laat nooit hulle medeleerders of afrigters in die steek deur van oefeninge, wedstryde of optredes weg te bly sonder om vooraf 'n aanvaarbare verskoning daarvoor aan te bied nie.
- Tydens alle sportwedstryde moet die leerders geklee wees in skooldrag, skoolsweetpak of aanvaarbare sportdrag.
- Tydens alle oefeninge mag gemaklike oefenklere, soos aangespreek met hul afrigter, gedra word.
- Reëls t.o.v. hare, grimering en juweliersware geld ook vir sportoefeninge en wedstryde.
- Fisiese geweld of lasterlike en onweloweglike taalgebruik tydens sportwedstryde of ander buitemuurse aktiwiteite, word nie toegelaat nie.
- Leerders mag geen fasiliteite of toerusting van die skool buite skoolure sonder die toestemming van die skoolhoof gebruik nie en mag nie buite skoolure sonder verlof die skool se terrein betree nie.
- Fietse moet tydens skooltyd, sportoefeninge en wedstryde, op die aangewese plekke, met 'n slot vasgeketting word.
- Wanneer leerders aan sport deelneem moet hulle die nodige beskermende toerusting vir die betrokke sportkode dra.

7. SKOOLDRAG EN VOORKOMS - ALGEMEEN

Dogters - Somerdrag	Seuns - Somerdrag
Kortmou skoolhemp Rooi skoolrok Wit skoolsokkies (een paar een maal omgeslaan) Swart skoolskoene Skooltrui of oortrektrui Slegs silwer of goue klein studs of ringetjies, in die onderste gaatjie Een polshorlosie	Kortmou skoolhemp (met skoolwapen indien sigbaar) Grys skoollangbroek/kortbroek Lang grys skoolsokkies Lyfband (swart, bruin, grys, donkerblou) Swart skoolskoene Skooltrui of oortrektrui Geen oorbelle Een polshorlosie
Dogters – LO Drag	Seuns – LO Drag
Rooi kortbroek Wit t-hemp Volle skoolsweetpak	Swart kortbroek Rooi t-hemp Volle skoolsweetpak

Dogters – Wintersdrag	Seuns - Wintersdrag
Langmou skoolhemp (met skoolwapen indien sigbaar) Skooldas Rooi skoolrok of grys skoollangbroek Swart sykouse saam met skoolrok Lang grys skoolsokkies saam met langbroek Swart skoolskoene Skooltrui en oortrektrui Skoolbaadjie President reënbaadjie President serp Handskoene (wit, grys, rooi)	Langmou skoolhemp (met skoolwapen indien sigbaar) Skooldas Grys skoollangbroek Lyfband (swart, bruin, grys, donkerblou) Lang grys skoolsokkies saam met langbroek Swart skoolskoene Skooltrui en oortrektrui Skoolbaadjie President reënbaadjie President serp Handskoene (wit, grys, rooi)

- Trotse Presidenters is altyd netjies en skoon en moet in voorgeskrewe skooldrag geklee wees.
- Daar word aanbeveel dat alle kledingstukke duidelik gemerk word.
- Slegs tasse wat 'n versterking in het, word toegelaat. Leerders se tasse mag nie beplak of bekrap word nie en moet duidelik gemerk wees. Geen slagspreuke of flaterwater op tasse nie.
- Geen gate mag in die skooltrui gemaak word nie.
- Skoolhemde en baadjies se krae moet te alle tye netjies omgevou wees.
- Die skoolskoene moet swart wees en moet te alle tye skoon wees en toepaslike swart skoenveters- of gespes moet altyd vas wees.
- Die skoolwapen en alle knope van die skoolbaadjie moet netjies vasgewerk wees.
- Slegs lapelwapens wat betrekking het op skoolaktiwiteite word toegelaat.
- Langbroeke waarvan die pype vernou is of op enige ander manier aangepas word om in die mode te wees, word nie toegelaat nie. Lang skoolbroeke mag ook, onder geen omstandighede, in die skoolkouse ingedruk wees nie.
- **Afwygings van die voorgeskrewe skooldrag moet soggens voor skool aan die Graadvoog verklaar word by wyse van 'n brief van die betrokke ouer/voog. Elke versoek sal ondersoek word en uitspraak sal gemaak word op grond van die unieke omstandighede van elke versoek, die rede vir die versoek, die Gedragskode sowel as die Gedragskode van die WKOD.**
- Geen godsdienstige bybore word saam met die skooluniform gedra nie. Aansoek tot spesiale afwykings word by punt 6 in die Gedragskode bespreek.
- **Geen sigbare tatoeëermerke word toegelaat nie.**
- Geen kleur kontaklense word toegelaat nie.
- Riempies en vriendskapsbande word ook as versierings beskou en is verbode.
- **Geen "stretchers", ringe, pennetjies of "studs" in die ore, tong, neus, wenkbroue of enige ander sigbare plek word toegelaat nie.**
- Hierdie reëls geld te alle tye wanneer skooldrag gedra word, selfs wanneer die leerders nie meer op die skoolterrein is nie.

- Afro-haarstyle mag gedra word, maar mag nie groter as 5 cm om die kop wees nie.
- Leerders mag “braids” dra, maar dit mag slegs een natuurlike kleur wees en die “braids” mag nie breër wees as 1 cm nie. “Braids” moet steeds vasgemaak word indien dit langer as die kraag gedra word. “Braids” moet parallel met die kop loop. Geen patrone word toegelaat nie.
- Geen “bandanas” mag gedra word nie.
- Geen grimering, van watter aard ookal, mag gedra word nie.
- Hare mag nie 'n onnatuurlike, buitengewone kleur gekleur, getint of gebleik word nie. Die hele kop moet een natuurlike kleur wees.
- Geen vals wimpers word toegelaat nie.
- Naels moet te alle tye kort en skoon wees. Slegs kleurlose naellak word toegelaat.
- Oormatige gebruik van gel of haarsproei om haarstyle te skep, word nie toegelaat nie.
- Leerders mag nie hul kop skoon skeer nie.
- “Undercuts en steps” word nie toegelaat nie.
- Op “sivvie”-dae geld die volgende reëls t.o.v. kleredrag:
 - Leerders moet skoene dra.
 - Geen kaal middellywe word toegelaat nie.
 - Geen onvanpaste prente, slagspreuke of woorde mag op klere wees nie.

8. VOORKOMS - BESONDERE REELS VIR SEUNS

- Die enigste juweliersware wat 'n seun mag dra, is 'n polshorlosie en 'n ‘medic-alert’ plaatjie.
- Slegs netjiese swart skoene is toelaatbaar, nie gepunte skoene, stewels of tekkies nie.

9. VOORKOMS - BESONDERE REELS VIR MEISIES

- Meisies se skoolrokke mag nie korter as 15cm bokant die knie wees wanneer op die grond gekniel word nie.
- Meisies mag, afgesien van 'n polshorlosie, ook eenvoudige silwer of goue ‘stud’-oorkrabbetjies of die kleinooringetjies dra. Geen pêrel of oorkrabbetjies met steentjies word toegelaat nie. Die oorkrabbetjies word as 'n paar in die onderste gaatjie van die oorbel gedra. Enige ander versierings sal gekonfiskeer word.
- Netjiese swart skoolskoene word saam met die skooluniform gedra.

10. VOORKOMS – BESONDERE REELS VIR SEUNS & MEISIES (HARE)

- Hare op die voorkop mag nie die wenkbroue of die oë bedek nie.
- Hare moet uit die gesig gehou word.
- Hare wat aan die baadjie of hemp kraag raak (onderkant) moet vasgemaak word.
- Hare moet slegs een kleur wees - natuurlike skakering
- Die hare bo-op die kop moet 'n redelike lengte wees. As dit voorwaarts gekam word, mag dit nie oor die wenkbroue hang nie. Daar moet 'n balans tussen die hare op die kop en die hare aan die kante van die kop wees.
- Bykomstighede moet rooi, swart, wit of bruin wees. As meer as een stuk gebruik word, moet dit slegs EEN van hierdie kleure wees. Geen kleurkombinasies word toegelaat wanneer bykomstighede gebruik word nie. Slegs meisies mag bykomstighede dra.

- Wangbaarde mag nie laer wees as die middel van die oor nie. Seuns moet te alle tye skoongeskeer wees.
- Geen ekstreme haarstyle wat onnodige aandag uitlok, word toegelaat nie. Geen patrone word in die hare op die kop toegelaat nie. Geen patrone word in wenkbroue toegelaat nie. Die Graadvoog sal hul eie diskresie gebruik om te besluit wat as ekstreme haarstyle beskou word.
- Hare wat nie voldoen aan die skoolreëls nie, moet reggestel word soos gereël deur die Graadvoog.

11. GEDRAG VAN LEERDERS

- Ryloop vanaf of na die skool wanneer skooldrag gedra word, is vir elke leerder ten strengste verbode.
- Van leerders word verwag om te alle tye die ouers, gemeenskap en skool se wewoeglikheidsreëls ten opsigte van seun-dogter verhoudings te handhaaf. Geen openbare liefkosery en intimiteit op die skoolterrein, tydens skoolure of skoolfunksies word toegelaat nie.
- Geen leerder mag hom skuldig maak aan bedrog, diefstal of enige ander handeling waarvan oneerlikheid 'n element is nie.
- Geen leerder mag in besit wees van gesteelde goedere, wetend dat dit gesteel is nie.
- Geen leerder mag hom skuldig maak aan enige vorm van vandalisme of saakbeskadiging van skoleiendom, die skoolgebou of skoolgronde nie.
- Geen leerder mag die skoolterrein betree of enige ander skoolgeleentheid bywoon onder die invloed van alkohol nie. Hierdie reël geld ook vir metgeselle van leerders tydens funksies.
- Geen leerder mag hom skuldig maak aan geweld en/of afknouery, onderdrukkende gedrag soos teistering wat op geslag gebaseer is nie.
- Geen leerder mag hom skuldig maak aan enige vorm van karakterskending, intimidering of geestelike of emosionele teistering, immorele gedrag, godslastering, vloekwoorde of dreigemente nie.
- Geen leerder mag hom skuldig maak aan onwewoeglike taalgebruik teenoor ander persone of seksisme nie.
- Geen leerder mag hulp verleen aan 'n ander leerder om 'n wettige oortreding of oortreding teen hierdie Gedragskode te begaan nie.
- Geen leerder mag oneerbiedig optree of beledigende taal gebruik teenoor opvoeders, ander werknemers van die skool of teen leerders nie.
- Geen leerder mag hom skuldig maak aan die organisering van of deelname aan enige optrede wat nie vooraf met die hoof uitgeklaar is nie en wat inbreuk maak op die akademiese, kulturele of sportaktiwiteite van ander leerders of op die funksionering van die skool nie.
- Geen leerder mag hom skuldig maak aan die verstrek van weselik valse inligting oor die skool aan die pers of enige ander instansie; of die vervalsing van dokumentasie om 'n onregverdige voordeel by die skool te verkry; of die valse identifisering van sigself nie.
- Omdat ons 'n Omgee-skool is wat verhoudings wil uitbou, is enige vorm van rassisme ontoelaatbaar.

12. SKOOLWERK

- Met die afwesigheid van 'n leerder, moet die leerder reël om in voeling te bly met die skoolwerk en tuiswerk. Dit moet by 'n klasmaat verkry word, sodat die betrokke leerder nie onvoorbereid terugkeer skool toe nie.
- Elke leerder moet aan die begin van die jaar 'n dagboek/tuiswerkboek aanskaf en dit deurgaans in sy/haar besit hê.
- Tuiswerk moet in die dagboek/tuiswerkboek aangeteken word en stiptelik voltooi word.
- Benewens die dagboek, is die volgende items verpligtend vir elke leerder: 'n Pen (blou of swart), potlood, uitveër, eksamenblok en 'n wetenskaplike sakrekenaar.
- Geen leerder mag hom/haar skuldig maak aan enige poging, gedurende 'n toets of 'n eksamen, om 'n ander leerder te help of te probeer help, of van 'n ander leerder hulp te verkry of te probeer verkry of uit enige geskrif inligting of hulp te verkry of te probeer verkry, behalwe 'n geskrif waarvan die gebruik deur die opsener of die betrokke opvoeder uitdruklik toegestaan is nie.
- Leerders wat hulle skuldig maak aan 'n onreëlmatigheid gedurende 'n formele assesseringstaak, sal voor die SAOK verskyn.
- Geen leerder mag tuiswerk, 'n taak of werk van enige aard van 'n ander leerder afskryf en as sy eie inhandig of voorlê nie, tensy dit as groepwerk verlang word.
- Geen leerder mag toegang verkry of poog om toegang te verkry deur die ongeoorloofde gebruik van rekenaars tot die skool se dataleërs waartoe hy/sy nie toegang behoort te hê nie.

13. OORTREDINGS: DISSIPLINÊRE OPTREDE EN ONDERSTEUNINGSMEGANISMES

- Alle gedrag wat op 'n oortreding van hierdie gedragskode neerkom, is strafbaar.
- Punte word toegeken vir elke oortreding soos aangedui in die oortredingsreglement. Hierdie (tugreglement) vorm deel van die gedragskode.
- Toepaslike strawwe word ook uiteengesit in die oortredingsreglement.
- Daar is voorsiening gemaak vir 'n interne tribunaal om herhaalde oortredings, asook oortredings van 'n ernstiger aard, te verhoor.
- Met die uitsondering van strafmaatreëls wat op skorsing of uitsetting neerkom, word alle strafmaatreëls op 'n summiere wyse opgelê met inagneming van enige verduideliking wat die betrokke leerder vir sy/haar gedrag opper of wil opper.
- Waar die strafmaatreëls die moontlikheid van skorsing en/of uitsetting inhou, word die leerder se gedrag ondersoek en daaromtrent beslis ooreenkomstig die voorskrifte vervat in die toepaslike regulasies soos van tyd tot tyd uitgevaardig deur die Wes-Kaapse Onderwys owerheid betreffende ondersoeke rakende ernstige wangedrag van leerders.
- Elke leerder het die reg om skriftelik 'n gemotiveerde beswaar teen die optrede van enige personeelid of medeleerder aan die Skoolhoof voor te lê. Die Skoolhoof is verplig om sodanige grief te ondersoek of deur 'n onpartydige personeelid te laat ondersoek en sy optrede of beoogde optrede na aanleiding van sy bevindings binne 'n redelike tyd aan die gegriefde leerder bekend te maak.

14. AKKOMODASIE VAN GODSDIENS- EN KULTURELE REGTE

- Godsdienstige praktyke, optrede of verpligtinge wat verband hou met die kernwaardes en oortuigings van erkende godsdienste en teenstrydig met enige reël in hierdie gedragskode sal geakkomodeer word deur 'n afwyking van die Gedragskode te maak deur die Beheerliggaam van die skool onder die volgende voorwaardes:
- Die leerder, bygestaan deur die ouer/voog, moet aansoek doen vir afwyking van die standaard skoolreëls indien die reël/s teenstrydig is of inbraak maak op enige godsdienste van die leerder.
- Die geskrewe aansoek moet die spesifieke reël/s identifiseer wat aanstoot gee tot die leerder se godsdienste soos vervat in die Grondwet van Suid-Afrika.
- Hierdie aansoek moet 'n redelike omskrywende interpretasie van die godsdienste wat die leerder voel aanstoot gee, insluit. Die leerder moet ook voorstelle maak oor hoe die reël/s aangepas kan word deur die Beheerliggaam, om hierdie godsdienste te akkomodeer.

- Die leerder moet bewyse indien dat hy/sy 'n verbintenis het met die spesifieke godsdiens en die godsdienstige praktyke, reël/s en verpligtinge en dat die reël/s in teenstryding met die skool se Gedragskode is en wel sy/haar ware geloof en verantwoordelikheid is.
- Die godsdienstige gedrag of praktyk moet geoorloof wees.
- Die Beheerliggaam van die skool moet die aansoek oorweeg en indien hulle tevrede is met die aansoek, sal hulle die aansoeker skriftelik in kennis stel.
- Indien die Beheerliggaam van die skool wel die afwykings van die standaard reël/s goedkeur moet dit gegrond wees op kernwaardes van die godsdiens en verpligtend vir die aansoeker om hierdie kenwaardes na te kom.
- Die omvang van die afwyking van die skool se Gedragskode moet duidelik uiteengesit word en identifiseer wat toegelaat gaan word (byvoorbeeld die dra van 'n kopserp, insluitend die kleur en besonderhede oor die ontwerp; die groei van 'n baard; die dra van 'n spesifieke haarstyl of juweliersware) en onder watter omstandighede die afwyking geldig sal wees.
- Kulturele regte sal oorweeg word, in die geval dat dit nie verband hou met 'n godsdiens nie.
- Enige aansoek vir 'n afwyking van die Gedragskode van die skool, gebaseer op kulturele regte, moet op skrif aan die Beheerliggaam van die skool gerig word en sal hanteer word op 'n soortgelyke wyse soos verduidelik in paragraaf 1 tot 8.

15. OORTREDINGSREGLEMENT: BYLAE TOT GEDRAGSKODE

Die doelwit van strafmaatreëls is om:

- leerders tot verantwoordelike, selfstandige besluitneming binne 'n positiewe waardstelsel op te voed
- 'n sterk pligsbesef by leerders te kweek
- leerders verantwoordelikheid te laat aanvaar vir hul optrede.

Algemene riglyne:

- Die fokus rus op die ontwikkeling van positiewe waardestelsels. Die toekenning van meriete (positiewe punte) is dus die vertrekpunt en van kardinale belang.
- Elke situasie moet op meriete hanteer word.
- Hulpgewing aan leerders word vooropgestel.
- Toepassing van tug geskied nadat skuld bo alle twyfel vasgestel is.
- Tydelike uitsluiting is dadelik van krag en geld vir alle fasette van skoolaktiwiteite.
- Waarsku leerder altyd ten opsigte van die tug van 'n oortreding.
- Berading kan by die skool geskied deur die berader op die perseel, die skoolsielkundige of maatskaplike werker.
- Berading wat deur 'n professionele persoon gedoen word met die toestemming van die ouer, is vir die rekening van die ouer.
- Kontak met die ouer word belangrik geag.
- Alleenlik opvoeders kan positiewe punte toeken volgens die kriteria soos uiteengesit.
- In uitsonderlike gevalle kan die Graadvoog/Skoolhoof 'n onmiddellike detensie hef.

16. LYS VAN OORTREDINGS PER VLAK VAN OORTREDING:

VLAK 1

1. Rommel strooi
2. oormatig geraas of onregverdig gedrag voor skool, tydens klaswisseling, tydens pouses en na skool
3. eet, drink of kougom kou gedurende enige kontak tyd (klas en gedurende saal byeenkoms)
4. wangedrag tydens saal byeenkoms
5. Ongemagtigde area, klaskamer of gang sonder toestemming betree
6. Rond dwaal in die gange, by die snoepie
7. wangedrag of swak sportmanskap tydens 'n buitemuurse aktiwiteit se oefening, intra- of interskool kompetisie of liga wedstryd
8. Versuim om:
 - 'n afwesigheidsbrief binne die vasgestelde sperdatum in te handig
 - 'n biblioteekboek teen die sperdatum in te handig
 - die boete vir agterstallige boek/e te betaal
 - 'n buitemuurse aktiwiteit, oefensessie bywoon sonder 'n geldige verskoning
 - 'n verpligte aktiwiteit by te woon sonder om 'n skriftelike verskoning voor die gebeurtenis in te dien
9. voortdurende teistering van 'n ander leerder wat geringe fisiese of geestelike ongemak veroorsaak
10. Minder ernstige oortredings van voorkoms:
 - dra van ongemagtigde items/kleredrag (items word gekonfiskeer tot aan die einde van die kwartaal)
 - versuim om die korrekte sport uitrusting vir 'n wedstryd of oefening te dra
 - ongeskeer/naels/naellak (onmiddellik reggestel by skool)
11. ryloop in skooldrag, formele of sportdrag
12. ontwrigtende gedrag in die klas
13. spoeg in die openbaar
14. versuim om:
 - klaswerk en huiswerk te doen
 - die nodige handboeke, notas, skryfbehoeftes of toerusting skool toe te bring
 - assesserings betyds in te lewer
16. Afskryf van 'n ander leerder se klaswerk of huiswerk
17. beskadiging van skool eiendom
18. rapporteer laat vir die klas of "time-out" klas
19. gebruik van aanstootlike materiaal om boeke of lêers oor te trek
20. besit en / of gebruik van 'n selfoon, rekenaar-speletjie, iPod en soortgelyke elektroniese toestelle gedurende skoolure
21. Laat by skool aankom sonder 'n skriftelike nota van 'n ouer

KORREKTIEWE SANKSIES – VLAK 1

Een of meer of 'n kombinasie van die volgende regstellende maatreëls mag deur die opvoeder, Graadvoog of Hoof van dissipline geïmplementeer word:

- Verbale berisping
- Telefoon oproep of sms aan ouers of voogde
- Skriftelike straf
- Detensie gedurende pouse
- Detensie na skool
- Verbeur van punte/nul vir 'n toets/taak/eksamen
- Verwydering van graffiti op rugsak, skooltas tydens pouse
- Skriftelike kennisgewing
- Skriftelike waarskuwing
- Skorsing van die klas

VLAK 2

1. vandalisme
2. gebruik of in besit van 'n ander persoon se besittings/eiendom sonder die toestemming van die eienaar
3. beskadiging van 'n ander persoon se besittings/eiendom
4. rassisme: opmerkings/beledigings
5. vervalsing: ongemagtigde verandering van amptelike dokumente soos mediese sertifikate en kwalifikasies en bedrieglike gebruik daarvan
6. intimidasie deur verbale of fisiese dreigement om die persoon of sy eiendom leed aan te doen (afknouery)
7. vloek, jok of gebruik van onweloweglike gebare
8. verbale of nie-verbale mishandeling
9. disrespek of weerstandigheid
10. insubordinasie -
 - ignoreer of versuim om 'n spesifieke opdrag uit te voer (insluitende versuim om strafwerk te doen wat in die "TIME-OUT" kamer of deur die Graadvoog of opvoeder gestel is)
 - versuim om aan die "TIME OUT" kamer te rapporteer, of
 - versuim om aan die vakonderwyser te rapporteer met strafwerk soos voorgeskryf
 - oneerbiedige en/of owelvoeglike gebare, lyftaal, taal of aanmerkings teenoor opvoeders, personeel en studente raad

11. bakleiery, alle vorme van aanranding of poging tot aanranding
12. openbare steurnis of onweloweglikheid
13. dobbel
14. versuim om detensie by te woon sonder om vooraf reëling met die betrokke Graadvoog te tref
15. wangedrag tydens detensie
16. onaanvaarbare haarstyle wat ongevraagde kommentaar lok
17. sigbare tatoeëermerke
18. 'n selfoon as kommunikasie-middel tydens formele toetse of eksamens gebruik
19. oneerlikheid tydens 'n toets of eksamen
20. in besit van inligting/materiaal in 'n toets- of eksamenlokaal tydens assessering (klastoetse, kwartaaltoetse, interne of eksterne eksamens). Dit sluit enige vorm van kommunikasie, verbaal of nie-verbaal, met 'n ander leerder in.
21. kopiëring van rekenaaroefeninge, projekte of enige ander werk bedoel vir die jaarpunt (plagiaat)
22. stokkiesdraaiery
23. besit of gebruik van klappers
24. versuim om 'n verpligte buitemuurse aktiwiteit of -funksie by te woon as deelnemer of toeskouer
25. enige optrede wat die skool se naam in oneer bring
26. besit van aanstootlike materiaal, pornografiese materiaal uitgesluit
27. gepeuter met veiligheid en ander toerusting op die skoolterrein
28. Rook/in besit van sigarette of aanstekers of elektroniese sigarette/Rokerskring
29. Misbruik van elektroniese apparaat by skool
30. herhaling van Vlak 1 oortredings

KORREKTIEWE SANKSIES – VLAK 2

Een of meer of 'n kombinasie van die volgende regstellende maatreëls mag deur die opvoeder, Graadvoog of Hoof van dissipline geïmplementeer word:

- Telefoon oproep of sms aan ouers of voogde
- Skriftelike waarskuwing
- Detensie na skool
- Skadevergoeding, herstel, vervanging
- Gemeenskapsdiens
- Skorsing van klasse of skool
- Verbeur van punte/nul vir 'n toets/taak/eksamen
- Implimentering van provinsiale prosedures
- Onderhoud met ouers/voogde
- Proffesionele hulp/intervensie
- Tribunaal
- Dissiplinêre verhoor

VLAK 3:

1. besit van wapens wat liggaamlike besering kan veroorsaak (messe, ens.)
2. Die skoolterrein betree onder die invloed van alkohol/dwelms
3. besit, kopiëring, verspreiding, gebruik of kyk van pornografiese materiaal
4. aflaai van enige pornografiese materiaal van 'n rekenaar by die skool
5. aanranding met die voorneme om ernstig te beseer
6. Bank van die skool of verlaat skoolgronde sonder die nodige toestemming
7. deelname aan enige vorm van onwettige staking/vergadering/veldtog op skool gronde
8. enige leerder wat, binne of buite die skool gebou, op of buite die perseel van die skool, onder beheer van skoolowerhede, opsetlik optree op 'n manier wat ernstig nadelig vir die reputasie, en die handhawing van orde of dissipline by die skool, of skool funksionaliteit ernstig kan beïnvloed of
9. die regte van ander leerders om onderwys te ontvang ontnem
10. klasse ontwrig,
11. verhoed dat ander leerders klasse bywoon,
12. verhoed dat onderwysers kan onderrig, of op enige ander manier die regte van die onderwyser om sy/haar take uit te voer, tot nadeel van die skool, die personeel, die onderwyser of medeleerders
13. roekelose of nalatige bestuur van 'n voertuig, motorfiets of enige ander vervoermiddel, hetsy in skooldrag of nie, en of dit op die skoolterrein is of nie
14. oneerbiedige gedrag (verbaal of fisies) teenoor opvoeders of personele of gaste of die skoolhoof
15. handeldryf met sigarette
16. afwesig vir meer as 20 dae sonder geldige rede/s
17. herhaling van 'n Vlak 2 oortredings

KORREKTIEWE SANKSIES – VLAK 3

Een of meer of 'n kombinasie van die volgende regstellende maatreëls mag deur die opvoeder, Graadvoog of Hoof van dissipline geïmplementeer word:

- Skriftelike waarskuwing
- Gemeenskapsdiens
- Detensie na skool
- Skorsing van skool
- Skorsing van skool aktiwiteite, sport, funksies
- Dissiplinêre verhoor/Akademie verhoor
- Proffesionele berading
- Verwysing na SBL – Tribunaal
- Uitsetting

VLAKE 4:

1. gebruik van wapens wat liggaamlike besering veroorsaak (messe, ens.)
2. besit en/of gebruik van 'n vuurwapen, vuurwapen magasyn, ammunisie, gevaarlike of dodelike wapen
3. besit, gebruik en/of handel in dwelms, of alkohol, of
4. enige ander onwettige middel of item
5. vergiftiging, of poging om 'n ander persoon te vergiftig
6. diefstal, roof, breek en betree
7. kwaadwillige skade aan eiendom van die skool, personeellede, medeleerders of enige ander persoon of liggaam
8. verkragting, poging tot verkragting of onsedelike aanranding
9. fisiese aanranding wat liggaamlike skade veroorsaak
10. sedisie of aanhitsing van enige vorm van onwettige staking/aksie/vergadering/veldtog op skool perseel
11. Bedryg(verbaal of fisies) die lewe en veiligheid van enige personeellid of leerder
12. dreig om te gebruik of gebruik te maak van 'n bende
13. Enige misdryf wat strafbaar is onder die gemene reg

KORREKTIEWE SANKSIES – VLAKE 4:

Een of meer of 'n kombinasie van die volgende regstellende maatreëls mag deur die opvoeder, Graadvoog of Hoof van dissipline geïmplementeer word:

- Skriftelike waarskuwing
- Verwys na SAPD
- Skorsing van skool
- Tribunaal voor SBL
- Uitsetting